Graad 6

Sosiale Wetenskap

Geografie

Werkkaart: Hoekom mense handeldryf?

MEMO

Vraag 1: Voltooi die volgende deur die korrekte definisie in **Kolom B** by die term in **Kolom A** te pas. Skryf jou antwoord in **Kolom C** neer.

Kolom A	Kolom B	Antwoord
1. handeldryf	a. dinge wat mense koop en verkoop	1. i
2. verruil	b. goedere wat aan ander lande verkoop word	2. h
3. ruil	c. goedere wat van ander lande gekoop word	3. g
4. ruilhandel	d. hoeveel iets werd is	4. f
5. goedere	e. goed uit die natuur wat ons gebruik, soos olie	5. a
6. waarde	f. 'n manier om goedere van gelyke waarde te ruil	6. d
7. natuurlike hulpbronne	g. om iets vir iets anders te verruil	7. e
8. uitvoere	h. om iets te gee en iets terug te kry	8. b
9. invoere	i. die koop en verkoop, ruil en verruil van goedere	9. c

Vraag 2: Die meeste van Suid Afrika se invoere is vervaardigde goedere.

a) Wat is vervaardigde goedere?

Dit is goedere wat gemaak word (mens gemaakte goedere). Dit word dikwels uit grondstowwe vervaardig.

b) Gee twee voorbeelde van vervaardigde goedere wat Suid Afrika invoer.

Motoronderdele en goue juwele

Vraag 3: Waarom is uitvoere belangrik vir ‘n land? Ontwerp, teken en benoem ‘n produk wat jy gaan uitvoer wat vir S.A. iets kan of sal beteken. Verskaf ook ‘n prys vir jou produk.

Uitvoere beteken dat daar geld aan die lank betaal word. (Dit beteken ‘n inkomste vir die lank)

Die onderste vraag kan verskil – maak seker jou produk se prys is aangeheg.

Vraag 4: Waarom is geld makliker om mee handel te dryf?

Goedere hoef nie rondgedra te word nie, dit is ligter en die waarde van die goedere word vooraf bepaal.

Vraag 5: Watter sal gebeur indien ‘n item se prys te hoog of te laag is?

Indien goedere te hoog geprys is, sal mense dit nie koop nie, omrede hulle dit nie kan bekostig nie.

Indien die goedere se waarde te laag is, sal mens dink dit is gemors en sal maklik breek.

Vraag 6: Watter bruikbare hulpbronne het Suid-Afrika?

Goud, silwer, diamante, yster, platinum, natuurlike gas en koper.

Vraag 7: Noem drie goedere wat Suid-Afrika invoer.

a) Olie

b) Elektriese goedere

c) Medisyne

Vraag 8: Noem drie goedere wat Suid-Afrika uitvoer.

a) Goud, Yster

b) Vrugte

c) Toerisme